Ro. 8:6:1,6 I Die Wederkoms: Sy Waarde & Betekenis (Lxt. Julie 1944.
Ges. 43:1
- 77:1

(Mt. 24: 36-44)

Mt. 24:42 - Waak dan, omdat julle nie weet watter uur julle Here kom nie.

Waarom praat ons oor die wederkoms v Xtus? Waarom preek daaroor? Is dit enigsins van belang vir d. mens se daagl. lewe & werk? Nie iets wat ons meer aan ommense moet oorlaat wat op d. punt staan om te sterwe nie? Want d. wederkoms tog iets wat nog in verre. verre toekoms lê - waarom ons dan nou al daaroor verknies & bekwel?

So dink baie, so praat ook baie Xtene as hulle hoor v.d. wederkoms v. Xtus. Vir duisende nog niks meer as 'n vae idee, 'n verre toekomsdroom, 'n onpraktiese, onnodige gedagte: die wederkoms van J. Xtus. Ander weer erken d. belang mr. weet so min daarvan dat hulle g'n aandag of tyd daarvoor het!

Vr. is: Is dit van aktuele belang? Om iets te weet v.d. wederkoms v Xtus? Of mr. net iets waarmee predikante en ommense hulle moet besig hou in spaartyd?

Antw.: Sonder wederkoms v. Xtus kan daar geen X/dom wees, geen Xt. kerk, geen Xt. lewe, geen Xt. werk: dan is d. hoofdryfveer die magtigste aansporing tot ons Xtenskap verlore! Van allergrootste belang, praktiese waarde. Dis 'n wrhd wat deur elke Xten elke dag moet leef: daarom gebelydenis elke Sondag: „Vanwaar Hy sal terugkom ..."

(1) Die wederkoms v Xtus leer ons die volle Openbaring v. Gods waarheid ken: Baie interessant om op volg. te let:

– 260 kps in NT. – & wederkoms word sowat 318 maal daarin genoem.
– 1 uit elke 25 verse (gem) v NT. bevat iets i.v.m. wederkoms.
– $\frac{1}{3}$ v.d. hele Skrif handel oor d. dinge v.d. toekoms! Besef 'n mens hoe geweldig baie u & ek verloor, verbygaan as ons nie aandag daaraan gee! Sonder d. wederkoms bly d. Wd. v. G. vir ons stomp, afgekap, onvoltooid, 'n raaisel!

② Die wederkomsgedagte bied ons een v.d. grootwerke v.d. H.G. ken: Joh. 16:13 – „Mr. wanneer die H.G. gekom het, die Gees v waarheid, Hy sal julle in d. hele waarheid lei ... en d. toekomstige dinge aan julle verkondig" As ons dus nie aandag daaraan gee nie dan maak ons deur vir d. H.G. toe, maak ons groot gedeelte van sy werk kragteloos – en bly ons daaronder!

③ Wederkomsgedagte werp ook d regte lig op wêreldgebeurtenisse: Alles wat nog moet gebeur is reeds in Bybel voorspel. In sommige opsigte onduidelik – mr. in hooflyne alles gegee. Vertel ons v. toek. koninkryke, geest. toestande, wetensk. dinge, natuurverskynsels, sosiale omwentelinge: gee ons 'n suiwer beeld van wat ons kan verwag!
– Deesdae so baie valse propaganda, so baie paradystonele geskilder, soveel verdraaide voorstellinge v. volkskrisis oor 'n toekomstige wêreld dat mens as't ware ons as Xtene moet vra: Wat sê die Wd? Wat kan ons verwag? Anders: Skewe & verdraaide voorstelling!

④ Wederkomsgedagte gee d. Xten d. regte begrip v. sy lewe & werk: Niks wat ons so diep in hart gryp. so beetpak in heilige erns as gedagte: Xtus kom! Want dit gee my totaal ander opvatting v.d. lewe, van my roeping, van my werk as wanneer ek niks v.d. aand sou glo! Bv.:

a) Magtige wapen om mag v. wêreldse dinge in lewe v.d. gelowige te breek: So baie aandag, tyd, energie vir d. tydelike dinge: geld, rykdom, gesondheid, aangename, genieflike lewe: wêr. kry so 'n geweldige houvas op d. Xten se tyd, kragte, goed || Alleen d. gedagte aan wederkoms kan balans herstel: besef – hoe verganklik al die dinge! Bv. boer: As hy sou weet: hoofsaak skape – dan nie peuter nie met tuintjie by huis!

b) Kragtige aansporing tot lewe v. reinheid & heiligheid: 2 Pet 3:12,14 „Julle wat die koms v.d. dag v God verwag ... terwyl julle hierdie dinge verwag, beywer julle dat julle deur Hom vlekkeloos en onberispelik bevind mag word!" Spreek vanself: as getroue bediendes die terugkeer van vakansie van baas & nooi verwag, maak hulle alles skoon & reg: En u & ek – ons dan nie ook diensknegte wat moet wag op d. terugkeer van ons Heer nie? Regmaak & skoonmaak?

c) Ernstige wekroep tot arbeid: Besef: weet nie hoelank – enige oomblik. Dan werk terwyl dit dag is!

(5) Wederkomsgedagte bring die soetste van alle troos: Dae van moeilikhede + sorge – dae v. twyfel + wankel – dae v.d. siekte en dood: watter wond. troos: „Hulle weg ja, mr. eendag sien ons mekaar weer!"
hier ons lewe + dood sien soos hulle is!
h) Twyfel: Sekerheid. Xtus d. laaste wd!

(6) Wederkomsgedagte sterkste dryfveer tot sendingwerk: Matt. 24: 14 „En hd. Ev. sal verkondig word tot in die hele wêr. 'n getuienis vir al d. nasies; en dan sal d. einde kom"
Xtus se laaste bevel – gekoppel aan sy terugkeer. Dis dan ook een v.d. sekerste tekens: of d. Ev. so verkondig is dat alle volke als kennis geneem het! Nie (1) almal bekend – (2) of elke individu alvan gehoor nie: getuienis! vergeet v.d.
– Swak sendingywer nie kryg; baie harder werk
wederkoms! Sal ons nie as ons weet: Hy kom!

(7) Wederkomsgedagte – bekering v. onverskilliges:
–

Slot: Vr is: Sal Hy kom? Nie mr. 'n hersenskim, 'n ydele droom? Is u seker?